# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN




## EREDIENS

**Een diens om 08:30**
Deuroffers: Koninkryksfonds
*Ds Anton*
Hebreërs 12:1-3
Filippense 2:12-23
*Wat op aarde maak ek hier?*
*`n Mid-jaar refleksie.*




### SKOOLVAKANSIE
**EREDIENSTE**

Vanaf Sondag 28 Junie tot Sondag 19 Julie is daar op 'n Sondag slegs een erediens om 08:30. Daar is geen Kinderkerke, Space of Open Door Sundays nie.

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT







## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**JUNIE**
**28:** Manie Pienaar
**29**: Liz Deysel
**30:** Paul Eksteen
**JULIE**
**01:** Dawn Crafford (90jr)
**02:** Marlene Claassen, Danie Jansen, Louis Spangenberg
**04**: Louisa Klue



## WIL JY BY 'N SELGROEP AANSLUIT?


Ons begin gedurende die derde kwartaal met selgroepe en die indeling word op die oomblik gedoen.

Indien jy ook by 'n selgroep wil aansluit of een wil begin, kontak Stephan by 083 293 5716.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES




There is no such thing as a perfect cell group

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# ALLERLEI



### GAAN JY TROU?
### WIL JY 'N BIETJIE WERK AAN JOU HUWELIK?

Gedurende die derde kwartaal word
- 'n **huweliksvoorbereidingskursus** aangebied (Saterdagoggend 1 Aug) en ook 'n
- 'n **huwelikskursus** Woensdagaande vanaf 5 Aug.

Dagboek die datums!



### WIE KAN HELP MET EENMALIGE VERVOER?

Ons benodig vervoer vir 'n klein hout *jungle gym* vanaf 'n huis in Proteahoogte tot by die kerk.
Die jungle gym moet ook uitgehaal word. (Dit is nie vasgesement nie.)

As jy kan help, kontak asb vir Marlize by 083 958 3181.



**Klein** glasflessies vir inlê/konfyt is altyd welkom by die kantoor.




Die 40 Dae Doelgerigte Lewe kursus is Woensdagaand gesellig afgesluit ♥.



Immigrante keer terug na Malawi.

## VREEMDELINGE EN VLUGTELINGE

“Miskien vra hierdie oomblik juis ook verootmoediging van ons. Miskien het ons nie nóg verklarings nodig nie, maar juis die moed om ons vrese en onsekerheid eerlik voor God te bring. Die Psalms leer ons immers hoe om ons seer voor die Here te bekla, te bid en te hoop te midde van verwarring en nood. Hoe dikwels roep die Psalmdigter nie na God uit nie? Laat ons met geloofsvertroue daardie voorbeeld volg.

Ons bring voor die Here die mense wie se omstandighede ons dikwels nie ken nie en waarvan ons min verstaan. Eerder as om te oordeel of eenvoudige antwoorde te soek, laat ons ons nederig, afhanklik en met selfondersoek na die Here wend.

Juis hier lê die unieke bydrae wat gelowiges (die kerk) kan maak. Ons roeping begin nie by openbare verklarings nie, maar by die gesindheid van ons harte. Die geloofwaardigheid van ons getuienis word gemeet aan hoe ons leef. Dit word sigbaar in hoe ons mense ontvang, spanning hanteer, na ander luister, onreg aanspreek en menswaardigheid beskerm in ons eie gemeenskappe.

As volgelinge van Jesus Christus kan ons nie geweld regverdig nie en kan ons nie mense tot vyande reduseer nie. Ons kan nie toelaat dat vrees en woede ons harte verhard of ons optrede bepaal nie. Daarom bid ons vir vrede, vir wysheid en vir ’n dieper menslikheid in ons land.

Mag die Here ons leer om in hierdie gespanne tyd geloofwaardig, nederig en hoopvol te leef – as vredemakers wat die beeld van God in elke mens raaksien.”

- Dr Nioma Venter, algemene sekretaris van die NG Kerk in *Die Kerkbode*

*Lees die hele skrywe hier:* https://kerkbode.christians.co.za/2026/06/22/vreemdelinge-en-vlugtelinge-wat-vra-die-here-nou-van-ons/

# GETUIENIS

*'n Pragtige getuienis van een van ons lidmate.*

Elsa leef in voortdurende pyn en moet soms lang tye in die bed bly vanweë haar gesondheid, veral wat haar been(skelet)gesondheid betref.

Sy was 'n baie aktiewe vrou met 'n gesin en het ook buitenshuis gewerk; altyd aan die gang van vroeg tot laat. Om haar mobiliteit gaandeweg te verloor, was 'n geweldige aanpassing.

*Op 'n vraag hoe sy dit regkry om dag vir dag aan te gaan, antwoord sy so:*
"Ek was 8 jaar oud, toe ek vir die eerste keer die Here se naam uitgeroep het om hulp, en van daardie dag af, het ek sy pad begin loop.

My gesondheid was vir my 'n groot worsteling. Een nag was ek baie siek. Ek was toe al nege dae in die bed. Ek kon nie eet of drink nie en kon niks binne hou nie. Daardie nag kon ek nie eers ordentlik asemhaal nie. Ek het nie eers krag gehad om een van my kinders te roep nie.

Ek het toe die by die Here gepleit om my te kom haal, want ek was gereed. Terwyl ek met my toe oë gelê het, het ek skielik 'n atmosfeer in my kamer gevoel. Skielik het iemand voor my op my bed kom sit. Ek het net 'n warm hand op my hart gevoel. Ek het onmiddellik geweet Wie dit is.

Ek het doodstil gelê en HY het begin praat. Hy sê toe vir my: "*Ek het jou nie kom haal nie, jy het nog werk om te doen.*" Ek vra Hom toe: "*Maar my Pa, hoe kan ek met so 'n gebreekte liggaam, wat aan n rolstoel gekluister is, nog vir U van nut wees?*"

Hy sê: "*Jy het nie die gebreekte liggaam nodig nie, jy het nog 'n kop en 'n mond. Dit is al wat jy nodig het. Daar sal nie 'n haar van jou hoof val, as Ek dit nie toelaat nie. Jy is Myne. Wees maar net gerus.*"

Ek kon nie 'n woord uikry nie en het maar net so gelê, met my toe oë, terwyl die trane geloop het. Skielik het die hand op my hart begin beweeg en ek kon voel hoe die atmosfeer verdwyn. Ek kon nog steeds die warmte in my hart voel.

Die volgende oggend het ek opgestaan en niks meer makeer nie. Prys GOD, Hy het my genees. Die kinders kon dit nie glo nie. Vandag weet ek wat Hy bedoel het.

Weet jy hoeveel mense kontak my op my selfoon wat oor die Here wil gesels? Soms is dit mense wat ek ken en soms mense wat ek nie ken nie. Onlangs het 'n onbekende dame my weer gekontak. Ek het toe uit haar gesprekke afgelei dat sy uitgehonger is vir die woord van GOD. Sy het na die tyd vir my die mooiste bedankingsbriefie gestuur. Ek se maar net altyd, moenie my bedank nie, sê dankie aan ons HEMELSE VADER, vir SY liefde en genade.

Baie mense het al vir my gevra of ek dan nie vir God vra om my te genees nie; dan kyk ek maar net vir hulle en sê niks."

"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."
I Petrus 3:15

# AAN DIE GANG




## BURGERS EN BASAARPOEDING

Wat is nóg by die GRATIS Toy Fair?
Amanda se beste burgers en Silwerjare se perfekte pannekoeke!
Moet dit nie misloop nie!







